

MEN FULFILLING THEIR DESTINY



PHOTOGRAPHERS: SALOME NEL & JUSTIN BARLOW

Sernfontein is at the helm of an agricultural company that has a farm of 5 000ha, a feed factory and lot, an abattoir and four butcheries – two in Kroonstad in the Free State and two in Gauteng. The intention is to expand to 10 butcheries by 2017.

"The Sernick value chain that my father developed is a rather complicated model which requires the right people in the right management positions, with effective processes and procedures," he says. "A great deal of effort went into my first year as CEO in 2014. The heart of this company is its people and the secret is to surround yourself with colleagues who are better than you."

The group's turnover increased from R170 million in 2005 to R1 billion in 2015, which required a great deal of cash to service debt and purchase stock. It employs more than 400 people and consists of eight distinct businesses.

"This requires different approaches, processes, systems and procedures. The challenge is to identify, develop and

CAREL SERNFONTEIN
CEO: Sernick Group

implement them," says Sernfontein.

He says that South African agriculture receives less support from government than it did in the '70s and '80s. "Coupled with the weakening rand, this has made our industry less competitive in overseas markets, which has seriously affected profitability and made it very difficult for smaller farms to survive."

He adds that as long as government pursues central planning and control of the economy, the future of agriculture will be very difficult and challenging. "There are, however, huge opportunities in diversification and the specialisation of a variety of products. In the field of horticulture, local and export markets are waiting to be exploited with cheaper and more nutritious vegetables and fruits. Intensive farming, involving the production of high-value products like flowers, also holds promise."

Drought has also created opportunities for Sernfontein. "Grazing is limited and boreholes dry up, but the demand for drought relief feed has

escalated to such an extent that we are battling to meet the demand. This is a massive opportunity."

For Sernfontein, a career in agriculture has been immensely satisfying, but tough.

"Forget the romantic notions about working the land. Farming is a tough, uncompromising occupation and only the most determined will survive," he says. **DM**

SERNFONTEIN'S ADVICE TO ASPIRING FARMERS

"Empower yourself as much as you can through studying and gaining experience in the field. Very few farmers can claim that they were successful before they reached the age of 40. It takes time to become completely comfortable in the saddle."





Presisie-afronding bedryfsdag bied groter insig

Deur Phillip Oosthuizen

'n Presisie-afronding bedryfsdag is op 29 September by Sernick gehou. Die doel van die dag was om die presisie-afrondingsprojek aan die bedryf bekend te stel, asook om 'n geleentheid te skep vir verskeie rolspelers in die beesvleisbedryf om saam na presisieboerdery in die beesbedryf te kyk.

Verskeie sprekers, wat spesialiste is op hul vakgebied, het die toepassing en belangrikheid van hul vakgebied verduidelik aangaande presisie-afronding en beesvleisproduksie in die algemeen. Gaste wat die dag bygewoon het, sluit in beesprodusente, opkomende boere, voerkraal-verteenwoordigers, verwerkers

word die waardeketting suksesvol gebou," sê hy.

Unieke potensiaal

Phillip Oosthuizen van die Departement Landbou-ekonomie by die Universiteit van die Vrystaat, koördineerder van die projek, het die presisie-afrondingsprojek verduidelik. Dit het gestrek van die seleksie van proefdiere tot by die ekonomiese konsep wat die studie as grondslag het. "Gebruik elke ras se unieke potensiaal in kombinasie met toepaslike ekonomiese waardes om wins te genereer, asook om vir elke ras produksiemetodes te skep om toekomstige vordering en volhoubaarheid van die ras te verseker," verduidelik hy. Prof Arno Hugo van die Departement Voedselwetenskap by die Universiteit

van die Vrystaat is 'n spesialis in navorsing oor vars rooivleis. Sy toespraak het gehandel oor 'n verskeidenheid faktore wat vleisgehalte beïnvloed. Hy het ook gepraat oor die belangrikheid van differensiasie, wat 'n kommoditeit in 'n produk verander. "Die verbruiker bly koning en daarom moet die produsent aan die verbruiker se behoeftes voldoen," sê hy.

Fokus op bemerking

Albert Loubser, redakteur van *Veeplaas*, het klem gelê op die bemerking van verskillende beesrasse en vleisprodukte. Na verskeie plaaslike en internasionale besoeke en gesprekke het hy tot die slotsom gekom dat die Suid-Afrikaanse vleisbedryf sy fokus



Die Sernick-span wat by die presisie-afrondingsprojek betrokke is in hul Veeplaas- en Jonsson geborgde hende en pette. Agter van links is Nick Serfontein, Christo Faasen, Phillip Oosthuizen, Franco von Wielligh en Ettienne Neethling. Voor is William Mthikulu, Ben Marereni, Thabang Lebong, David Makitakile, Elia Khoase en Krisjan Radebe.

moet aanpas deur meer op bemerking te fokus en nie net op produksie nie. "Besluit op die tipe produk wat jy produseer en jou teikenmark. Bemark dan jou produk op grond van sy unieke eienskappe en waarde," sê hy.

Prof Johan Willemse van die Departement Landbou-ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat het aspekte soos voerkraal-ekonomie, vleisgradering, naspeurbaarheid, verbruikersinligting en bedryfsvoorsigte bespreek. Hy het veral klem gelê op produsente se toekomsbeplanning en hoe aanpassings gemaak moet word.

Positiewe bydrae

Nog 'n bekende veekundige, Peter Milton, sien die projek as waardevolle inligting wat gegenereer word, wat die potensiaal het om 'n positiewe bydrae tot die beesvleisbedryf te lewer, wat strek van die produsent tot die verbruiker.

Vir meer inligting,
kontak Phillip Oosthuizen by
phil.oosthuizen@gmail.com.



Lede van die Universiteit van die Vrystaat se Eenheid in Lewendehawe-Ekonomie. Agter van links is dr Antonie Geyer, Luan van der Walt, WA Lombard, dr Henry Jordaan, Ané Calitz, Walter van Niekerk, Janus Henning en prof Arno Hugo. Voor is dr Dirk Strydom, Phillip Oosthuizen en Frikkie Maré.

en bemerkers. Nick Serfontein, stigter en eienaar van die Sernick-groep, het al Sernick se bedryfstakke sowel as sy filosofie om 'n diverse maatskappy suksesvol te bedryf, bespreek. "Dit is noodsaaklik dat elke bedryfstak self winsgewend en volhoubaar bestuur moet word. So



Die seleksie en hantering van proefdiere

Deur Phillip Oosthuizen

Die bulkawers wat vir die Sernick presisie-afrondingsprojek se voerkraal-eksperiment en data-insameling geselekteer is, is op grond van rastipes geselekteer.

Die rastipes, sowel as die verteenwoordigende rasse in elke rastipe, is as volg geïdentifiseer:

- Bos Indicus – Brahman.
- Sanga – Afrikaner.
- Indicus sinteties – Simbra.
- Sanga sinteties – Bonsmara.
- Bos Taurus Brits – Angus.
- Bos Taurus dubbeldoel – Simmentaler.
- Bos Taurus maer vleis – Limousin.

Die kalwers is binne 'n radius van 170km van die Sernick-voerkraal versamel. Altesaam 80% van die kalwers is geregistreer en die oorblywendes is suiwer kalwers uit vorige geregistreeerde kuddes. Die 245 kalwers uit sewe rasse is by 42 telers gekoop.

In die Sernick-voerkraal word die kalwers in homogene omstandighede, krale en met dieselfde hantering gevoer. Die voerrantsoen is homogeen vir al die rasse. Die rantsoen word wel aangepas soos die voertydperk in terme van energie-inhoud vorder. Die groep se voerinname word weekliks gemeet. Die voer word uit 50kg-sakke gevoer om die inname akkuraat te meet.

Die kalwers word weekliks individueel geweeg en die resultate word tot 'n groep-gemiddeld verwerk. Voerinname word weekliks per groep bepaal. Met die gewigstoename en voerinname kan 'n voeromsetverhouding bereken word om die doeltreffendheid van voeromskakeling na gewig weer te gee. Geen beta-agoniste word in hierdie eksperiment gebruik nie weens voorafgestelde doelwitte.

Bepaling van voertydperk

Die data gaan verwerk word om die produksiekurwes van elke ras te bepaal, waarna toepaslike ekonomiese waardes soos voerprijs, karkasprys en uitslagpersentasie daaraan gekoppel word om 'n voertydperk te bepaal waar wins gemaksimeer word. Dus word hierdie voertydperk bepaal deur 'n spesifieke ras se unieke potensiaal en wisselende ekonomiese waardes in ag te neem. 'n Sensitiwiteit-analise gaan ook gedoen word om die impak van die wisselende pryse op die voertydperk te beskryf.

Wanneer na die groter prentjie gekyk word, is die doel om die voertydperke en alternatiewe voertydperke vir elke unieke ras te gebruik om wins te genereer.

Ultrasoniese skandering

Nog data wat versamel word, sluit oogspier-ontwikkeling, rib- en kruisvetneerslag in. Die oogspier-oppervlakte, rib- en kruisvetlesings word op dag 119, 133, 147 en 161 geneem. Hierdie data kan gebruik word om karkasgradering, verbruikersvoorkeure en snitbemarking met die voertydperk te korreleer, terwyl winsmarges, karkas- en snitpryse in ag geneem word.

Die vetneerslagkurwes verskil tussen rastipes as gevolg van die ouderdom wanneer geslagsrypheid bereik word. Hierdie kurwes gaan vir die sewe rasse bepaal word om dit in ag te neem wanneer voertydperke bepaal word. Die energie-inhoud van 'n voerrantsoen het 'n impak op vetneerslag. Nog proewe en navorsing op grond van energie-aanpassing in verskillende stadiums van die voertydperk om rib- en kruisvetneerslag te beheer, kan 'n positiewe bydrae lewer.

Vleis- en karkaseienskaptoetse

Vleissagtheidstoetse word vir die sewe verskillende rasse gedoen op dag drie en dag 14 ná slagting om die uitwerking van

veroudering op vleissagtheid te bepaal. Die vetsuurprofiel word ook bepaal vir die verskillende rasse vir vleisgesondheidsdoeleindes. Die verouderingskoste kan ook vergelyk word met die toename in sagtheid en die bykomende waarde van die sagter vleis.

Eerstens word die gemiddelde uitslagpersentasie bepaal vir die verskillende rasse wat 'n invloed het in die ekonomiese model wat kragtens winsmarges gebruik word. Met 'n vorige eksperiment by die Beefmaster-voerkraal was daar beduidende verskille in die uitslagpersentasie tussen rasse. Die sensitiwiteit van variasie in uitslagpersentasie op grond van winsmarges en voertydperk kan ook bereken word.

Tweedens word die been-vleis verhouding van voor- en agterkwarte bepaal, wat gekorreleer kan word met verskeie faktore in die eksperiment wat 'n ekonomiese impak kan weergee. Laastens word volledige voor- en agterkwart-bloktoetse met die ontbeningsproses gedoen. Snitgroottes en die gewig van individuele diere gaan tot 'n rasgemiddeld verwerk word. Deur die toepaslike snitpryse in berekening te bring, kan die ware agterkwartwaarde bereken word.

Gebruik van data

Die data wat in die Sernick-gevallistudie gegenereer word, geld nie algemeen vir ander dele van die land en voerkrale nie. Die ekonomiese model is wel 'n generiese model waarvolgens enige voerkraal sy eie data kan invoer. Die idee van al die toetse en data is om sekere tendense te toets of te bevestig, en daarna te kyk of hierdie tendense betekenisvol is en hoe dit gebruik kan word om die bedryf te bevorder.

Vir meer inligting, kontak Phillip Oosthuizen by epos.phil.oosthuizen@gmail.com. 